

## Weerspieël beloftes uit ander perspektief

**Of 'n mens saamstem met die gewese popgroep Talking Heads se liedjie wanneer hulle sing: "Well, we know where we're goin'/But we don't know where we've been/And we know what we're knowin'/But we can't say what we've seen," of nie, is dit tog nodig om op die pad vorentoe af en toe terug te kyk na waar jy vandaan kom. So sien 'n mens hoe ver jy reeds gevorder het, en sien opnuut wolke van belofte uit 'n ander perspektief.** FOTO: HELENA BARNARD

Hoofartikel

# Digitale verlokking skiet soms te kort

**Met die koms van digitale bergruimte op selfone, rekenaars en allerlei wolkies wat geen druppel water het nie, het 'n mens jou in die gedagte verheug dat kosbare foto's "vir altyd" gebêre word en "nooit weer" verlore sal gaan nie.**

Ná nog 'n boodskap in die trant van: "Ek het al my WhatsApps en WhatsApp-foto's verloor en ek het geen *backups* nie," het die byna vergete beeld van 'n verslete, bruin kartonskooltassie gevul met vergeelde foto's en voosgeleesde briewe weer te voorskyn gekom.

Dié skooltassie se knip sou waarskynlik nie meer gladweg oop- en toemaak nie. In sommige gevalle sou dit selfs nie eens meer 'n handvatsel hê nie.

Die binnekant van die deksel sou waarskynlik 'n skeefgeskryfde naam en van, met "Graad 1" of "Sub A" onder dit gehad het.

Die res van die deksel sou gomkolle gehad het waar talle prentjies geplak en weer afgetrek is – 'n aanduiding dat die tasdraer deur fases van voorkeure gegroei het.

Hoewel die tassie dalk hier en daar ingeduik sou wees, en die blinkbruin van die buitekant nerf-af, sou dit 'n knus ruimte vir foto's en briewe wees.

Uit dié kartonruimte kon 'n mens destyds maklik die foto's, met omgebuigde hoekies, haal en daarna kyk en weer kyk – beurtkrag of nie (hoewel beurtkrag nie 'n kwessie tydens dié skooltassie-era was nie).

Jy kon die foto omdraai en dalk 'n datum, plek en naam agterop vind.

Die briewe kon 'n mens rangskik en met 'n lint bymekaar hou. Jy kon daaraan ruik en jou die teenwoordigheid van die versender verbeel.

Só 'n tassie kon wel wegraak, en geen wagwoord kon die inhoud teen nuuskierige oë beskerm nie.

Die digitale era hou sy voordele in, maar skep telkens 'n gevoel soortgelyk aan dié van leë beloftes: Jy weet dit waarna jy soek of waarna jy wil kyk, is daar; byna-byna binne bereik.

Maar vervlaks of jy dit kan opspoor.

Juweeltjie

## spek-en-boontjies

s.nw. (verouderend)

**Iemand wat net in naam teenwoordig is, maar nie 'n wesenlike bydrae lewer nie.**

■ Spriggs… was in die Parlement… Hy was daar op genade van albei partye – 'n tydelike spek-en-boontjies. (J.W.: De Waal, 1928, 229) – **wat.co.za**

**Hou jou selfoon se kamera oor dié blokkie om *NoordkaapBulletin* te lees. Lees elke week die nuutste koerant as 'n e-publikasie by streeksnuus. netwerk24.com en volg die Facebook-blad NoordkaapBulletin vir daaglikse plasings.**

SENTRAAL24

NOORDKAAP BULLETIN

**REDAKTEUR / EDITOR**
Helena Barnard helena.barnard@media24.com
**MEDEWERKER / EDITORIAL MEMBER**
Charné Kemp charne.kemp.writer@gmail.com
**ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS**
Natasha Ingram natasha.ingram@media24.com 082 567 3883

**BETREKKINGS / VACANCIES**
Noleen Petersen noleen.petersen@media24.com 051 404 7813
**REGSKENNISGEWINGS / LEGAL NOTICES**
noordkaapbulletinlegals@media24.com 051 404 7600
**GEKLASSIFISEERD / CLASSIFIEDS**
noordkaapbulletinadverts@media24.com 051 404 7600

**OMBUDSMAN**
Kontak NoordkaapBulletin se ombudsman oor klagtes: Stuur alle klagtes, navrae of voorstelle oor die inhoud van die koerant aan ons ombudsman, George Claassen, by 021-851-3232 of na george.claassen@media24.com. Geen redaksionele materiaal of advertensie mag gereproduseer word sonder die toestemming van Media24 nie (artikel 12(7), Wet op Kopiereg 1978).



**PERSRAAD**
Ons onderskryf die Etiese Kode van die Suid-Afrikaanse Druk- en Aanlynmedia, wat ons verbind om joernalistiek te beoefen wat gegrond is op die waarheid, wat akkuraat, regverdig, gebalanseerd is, en onafhanklik ingesamel is.

Twyfelhoekie

# Seerkry, seermaak hou gevolge in

HANNES NOËTH

**As mense is ons mos maar almal in die leerskool van die lewe.**

Ons kan baie op skool leer; ons kan onsself goed op verskeie vakgebiede toerus. Ons weet egter wel ervaring is 'n goeie leerskool en kan nie deur boeke-kennis uitgestof word nie.

As daar een ding is wat ons almal in hierdie skool van die lewe moet leer, is dit dat seerkry en seermaak gevolge het.

En nie net beperkte seer en beperkte gevolge nie. Dikwels langdurige gevolge.

'n Mens kan jammer sê oor 'n woord of 'n gebeurtenis, 'n slegte voorval of dat jy iemand te na gekom het.

Maar jy moet in ag neem daar is gevolge.

Jy wens soms jy kan dit net afskud en aangaan. Jy wens soms jy kan net sê: "Kom oor dit."

Maar dit is nie so maklik nie.

Soms veroorsaak ons seer en soms word ons seergemaak, en dan is dit nie beperkte seer nie.

Dit is nie beperk tot die oomblik of die gebeurtenis nie.

Dit trek 'n lyn deur.

'n Lyn wat onthou word.

'n Lyn wat gevolge het en 'n lyn wat nie sommer net uitgewis kan word nie.

Daarom is dit vir almal van ons belangrik om eerder seerkry te probeer voorkom.

In ons woorde en in ons optrede.

Jammer-sê is nodig, dit bring verandering, maar dit vat nie sommer 'n seer woord of 'n seer-seer net weg nie.

Laat ons dus mooi werk met mekaar.

Dink voor ons praat.

Dink voor ons doen.

Potpourri

# Hoe lyk jou spytlysie?

KARIN MULLER

**Iemand gesels onlangs met my oor 'n droom wat hy ná 40 jaar kon bewaarheid.**

Dit is iets wat hy in sy dertigerjare besluit het om met sy hande te maak, maar dit het nooit 'n werklikheid geword nie.

"As ek dit nie nou doen nie, gaan dit een van daardie dinge wees waaroor ek spyt is," het hy geskerts.

Uiteindelik het almal van ons 'n beperkte lewe.

Selfs al word jy verskriklik oud, gaan daar nog steeds 'n vervaldatum opduik waarby jy nie verby kan kom nie.

En almal van ons gaan teen ons vervaldatum oor iets spyt wees.

Ná daardie gesprek het ek gewonder of 'n mens nie van die eindpunt af terug kan werk nie.

Gestel ons sou 'n lysie maak van dinge waaroor ons spyt gaan wees wanneer die einde nader kom: Menseverhoudings wat ons moes herstel. Dinge wat ons wou doen. Plekke wat ons wou besoek.

Dalk sou ons meer gereeld saam met vriende wou kuier, of meer balans in ons lewe wou handhaaf.

Ek het gaan sit en dink oor hoe my lysie sou lyk.

Om dit te oorweeg is 'n ontstellende gedagte.

Die positiewe daaragter is dat 'n mens waarskynlik daaraan aandag kan gee voordat dit te laat is.

Sommige dinge op die lysie behoort dalk tot die verlede; is die spreekwoordelike "water under the bridge".

Ek is seker daarvan daar gaan dinge op die lysie wees wat jy wel iets aan kan doen.

Waaroor gaan jy spyt wees?

Kameeldoring

# Selftyd mag nie sneuwel

CHARNÉ KEMP

**"Self-care is, fundamentally, about bringing balance back to a life that has grown imbalanced from too many commitments or responsibilities." – Robyn Gobin**

Dagboeke. Afsprake wat nagekom moet word. 'n Gedurige gekyk na die datum. Wolf, wolf, hoe laat is dit? Wanneer is die afspraak? Hoeveel tyd is daar?

Doenlysies. Namate take afgehandel word, teel hulle op 'n onverklaarbare wyse aan en baar meerlinge.

Selfone. Dit gons aanmekaar en oproepe kom gelyktydig deur. Moet jy een oproep kortknip om 'n ander te antwoord? Intussen is jou aandag verdeeld en luister jy nie eintlik nie.

E-pos. Die rekenaar teem aaneen terwyl elektroniese pos jou inboks bombardeer, baie daarvan dringende versoeke uit Nigerië.

Sperdatums. Stemmige koerante met beperkte ruimte het vervaag; wellustige digitale webblaaie verorber ontelbare stories. Die versoeking is om sewe dae lank dag en nag te werk.

Ons moet die daaglikse eise aan sielsgesondheid hersien en werkswyses verander. Kan dagboeke nie meer oop, wit ruimtes kry nie? Maak meer afsprake vir teedrink, koek eet, hare doen of vir fisioterapie-sessies. Doenlysies moet beperk word tot 'n sekere aantal take per dag, kom wat wil.

Druk die e-pos en selfoon se gorrels oor etens- en teetyd toe. Staan op van jou lessenaar en slaan die deur toe. Eet middagete met genot, lek aan 'n roomys en kyk oor die tuin uit. Luister na die voëlsang en asem die vars lug in.

Doen jou werk getrou gedurende kantoorure, maar verdedig jou selftyd jaloers met 'n lans. Vervang skuldgevoelens met selfsorg.